higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N580**(A)**(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

5 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Voltooi balansstate en inkomstestate op twee teenoorstaande bladsye, waar nodig.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE PLAASBESTUUR-INLIGTINGSTELSEL

1.1 ’n Doeltreffende eie rekordstelsel of boerderybestuur-inligtingstelsel is die belangrikste bron van inligting in ’n boerderyonderneming.

Bespreek VYF redes waarom hierdie inligting belangrik is. (5 × 2) (10)

1.2 Vir inventarisdoeleindes word boerderybates normaalweg verdeel in vyf hoofgroepe, waarvan voorraad een is.

Gee VIER subgroepe wat onder voorraad val. (4)

1.3 Bates word gewaardeer met die doel om bestuursinligting vir besluitneming te voorsien.

Verskaf die riglyne wat jy sal gebruik om vir die inventaris ’n waarde op die volgende bates te plaas:

1.3.1 Kommersiële lewende hawe

1.3.2 Teling en melkkuddes

1.3.3 Klaarprodukte

1.3.4 Versekerde gewasse op die landerye

1.3.5 Ongebruikte saad

(5 × 2) (10)

1.4 Beantwoord die volgende vrae oor depresiasie en depresiërende bates:

1.4.1 Bespreek kortliks TWEE basiese doelstellings van die berekening van depresiasie en depresiërende bates. (2 × 2) (4)

1.4.2 Gee TWEE nadele van die gebruik van die reguitlynmetode om depresiasie te bereken. (2 × 2) (4)

1.4.3 Die volgende inligting oor ’n trekker is beskikbaar:

BESKRYWING	EENHEID
• Kosprys	R190 000,00
• Bergingswaarde	R19 000,00
• Verwagte lewensperiode	10 jaar of 10 000 uur

Aanvaar verder dat die trekker vir 8 000 ure gebruik is, soos op die gegewe datum.

Bepaal die boekwaarde volgens die gebruiksmetode waarop depresiasie bereken word. (9)


Kopiereg voorbehou

1.5 Die inventaris behoort ’n volledige beskrywing van elke bate in te sluit.

Gee NEGE beskrywings van ’n bate wat in die inventaris behoort te verskyn. (9)
[50]

VRAAG 2: BEGINSELS VAN PRODUKSIE-EKONOMIE

2.1 Bestudeer die volgende grafieke van verskillende moontlike vervangingskoerse en beantwoord die vraag wat volg.



Noem elke tipe vervanging en verduidelik hoe sy vervangingskoers plaasvind.
(4 × 2) (8)

2.2 Wat beteken die *goedkoopste kombinasie van insette*? (4)

2.3 Die volgende inligting oor koringproduksie word gegee:

- Die prys van stikstof is R4,00 per kilogram
- Die prys wat vir koring behaal word, is R2,50
- Die totale vaste koste is R400,00 per hektaar

Verskeie stikstofvlakke is toegedien. Alle oorblywende insette was konstant.

Die tabel hier onder is ’n deel van die produksiefunksie wat die verhouding tussen wisselende vlakke stikstof (N) en veranderinge in koringproduksie aandui.

INSETVLAK	**TOTALE KORINGOPBRENGS**
Stikstoftoepassing (kg/ha)	Koringproduksie (kg/ha)
10	400
20	910
30	1350
40	1710
50	1960
60	2110
70	2235
80	2250

Bereken die volgende en dui AL die formules aan:

2.3.1 Die marginale opbrengs wanneer die insetvlakke van stikstof van 70 kg/ha tot 80 kg/ha verhoog word (4)

2.3.2 Die waarde van totale produk (opbrengs) by ’n insetvlak van 80 kg stikstof per hektaar (4)

2.3.3 Die totale insetprys teen ’n toepassingskoers van 80 kg stikstof per hektaar (3)

2.3.4 Die wins (marge) teen ’n insetvlak van 80 kg stikstof per hektaar (3)

2.4 Noem DRIE kostekonsepte wat in die plek van produksiefunksie as die basis van produksiebesluit gebruik kan word. (3)

Kopiereg voorbehou

2.5 Uitset/uitsetverhoudings handel oor die verskillende kombinasies van produkte Y_1 en Y_2 wat met 'n spesifieke, vaste en beperkte getal insette geproduseer kan word.

Noem die tipe kombinasie wat in elk van die volgende gevalle beskryf word:

2.5.1 Die produksie van een produk genereer outomaties 'n vaste hoeveelheid van 'n ander produk.

2.5.2 'n Verandering in die produksie van een produk het geen uitwerking op die produksie van die ander produk nie.


2.5.3 'n Toename in die produksie van een produk lei tot 'n toename in die produksie van die ander.


2.5.4 Die produksie van een produk eis nie alleen die insette van die ander produk nie, maar het ook 'n nadelige uitwerking op daardie produk.

2.5.5 'n Toename in die produksie van een produk lei tot 'n afname in die produksie van die ander.

(5 × 2) (10)

2.6 Bestudeer die volgende grafieke wat maksimum produksie teenoor maksimum wins verteenwoordig en beantwoord die vrae.





2.6.1 Wat stel die kromme in die eerste grafiek voor? (2)

2.6.2 Die kromme in die eerste grafiek bereik ’n maksimum teen die maksimum produksievlak.

Dui die insetvlak aan wat benodig word om maksimum produksievlak te bereik. (2)

2.6.3 Wat stel die soliede reguit lyn in die eerste grafiek voor? (2)

2.6.4 In die tweede grafiek, teen watter insetvlak word maksimum wins bereik? (2)

2.6.5 Wat stel die stippellyn in die eerste grafiek voor? (2)

2.6.6 Gee EEN faktor wat kan veroorsaak dat die waarde van die produkkromme óf opwaarts óf afwaarts beweeg. (1)

[50]

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by die woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	’n Bedrag geld wat die boer sal behou as hy die plaas se bates sou verkoop	A	roerende bates
		B	belegging/investering
3.1.2	Die meeste likiede bates	C	mediumtermynlaste
3.1.3	Wanneer die skulde die waarde van bates oorskry	D	langtermynlaste
		E	netto waarde
3.1.4	Onderlinge verhouding tussen die verskillende tipes bates en laste	F	vaste bates
		G	bedryfsbates
3.1.5	Skulde wat terugbetaalbaar is oor ’n tydperk wat van een tot tien jaar kan wissel	H	solvent
		I	insolvent
		J	finansiële struktuur

(5 × 2) (10)

3.2 Die volgende inligting oor mnr Adonai se plaas soos op 28 Februarie 2017 word beskikbaar gestel:

BESKRYWING	WAARDE (R)
Gunstige banksaldo	10 000
Geslagte lam gereed vir verkoop	15 000
Terugbetalingsooreenkoms met Wesbank vir die vragmotor	20 000
Monetêre reserwes op vaste deposito by Capitec Bank	20 000
Kunsmisvoorraad in stoor steeds op rekening	1 000
Eskom-rekening steeds agterstallig	2 000
Diverse debiteure	4 000
Ford-vragmotor	25 000
Ooie vir teling	24 000
Geld verskuldig deur Meat Market aan die onderneming vir geslagte lammers	3 000
Telefoonrekening vooruitbetaal	500
Saldo van verband by ABSA op grond aangekoop	200 000
Inset-BTW uitstaande	20 000
Skoolgeld vir die eienaar se kinders	23 750
Waarde van ekstra grond wat by buurman gehuur word	500 000
Waarde van eie grond	750 000

3.2.1 Stel die balansstaat op soos op 28 Februarie 2017.

Let Wel: 'n Punt word afgetrek vir elke foutiewe inskrywing. (35)

3.2.2 Wat is die waarde van die totale buitelandse kapitaal? (2)

3.2.3 Is die plaas insolvent? Staaf jou antwoord. (3)
[50]

VRAAG 4: DIE BOERDERY-INKOMSTESTAAT

Die volgende finansiële inligting en produksiebesonderhede oor ’n boer wat met skape en lusern boer, word ten opsigte van ’n finansiële jaar verskaf:

	R
Huur betaal vir gedeelte van die lusernveld	20 000
Rente betaal op Landbanklenings	15 000
Terugbetaling op lenings (rente uitgesluit)	10 000
Bale lusern verkoop	160 000
Bale lusern vir skape gevoer	30 000
Brandstofvoorraad aan die begin van die jaar	4 000
Brandstofvoorraad aan die einde van die jaar	2 000
Brandstof gedurende die jaar aangekoop	12 000
Ooie op krediet aangekoop	10 000
Lone van permanente arbeiders	48 000
Depresiasie op verbetering en toerusting	32 000
Veeartsenydienste en medisyne	20 000
Skape verkoop, geld nog nie ontvang nie	130 000
Verkoop van wol aan mnr Malivha se maatskappy	30 000
Skape geslag vir huishoudelike gebruik	2 500
Skape geslag vir die arbeiders	4 000
Onverkoopte wolvoorraad aan die begin van die jaar	30 000
Onverkoopte wolvoorraad aan die einde van die jaar	10 500
Waarde van skape aan die einde van die jaar	270 000
Waarde van skape aan die begin van die jaar	250 000
Instandhouding van voertuie en implemente	35 000
Elektrisiteit	50 000
Bykomende plaasuitgawes	9 000

Bereken die volgende en dui ALLE berekenings en formules aan, waar van toepassing:

4.1 Die bruto produksiewaarde van die skaapvertakking (18)

4.2 Die bruto produksiewaarde van die lusernvertakking (4)

4.3 Die bruto produksiewaarde van die plaas in die geheel (3)

4.4 Die koste van arbeid vir die jaar (4)

4.5 Die koste van brandstof vir die jaar (5)

4.6 Die totale produksie-, bemarking- en administrasiekoste vir die jaar (10)

4.7 Die netto plaasinkomste (3)

4.8 Die plaas se wins (3)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou